

# Vuk'uzenzele



Produced by Government Communications (GCIS)

Afrikaans/English

| August 2016 Edition 2

## 2016 Elections gets a nod



South Africans came out in numbers to cast their votes in the 2016 Local Government elections.

### SANews

Government is pleased with voting during the 2016 Municipal Elections, which proceeded well.

About 26 million South Africans who registered cast their votes in the 22 612 voting stations situated nationally. This is the fourth local government elections.

President Jacob Zuma said the elections are an indication that South Africa is one of the countries in Africa that is leading in democracy.

"I am pleased our country is a demonstration of how democracy should work," said

the President after casting his vote.

Minister of Cooperative Governance and Traditional Affairs Minister Des Van Rooyen also congratulated the Independent Electoral Commission (IEC) for

delivering yet another election.

"Government applauds the youth, especially the first time voters, for their commitment towards advancing our democracy," said Minister Des Van Rooyen, who is also the chairperson of the Inter-Ministerial Committee (IMC) on Elections.

Over 75 000 police members deployed at polling stations ensured that elections were held in a safe environment.

Government has encouraged all citizens to work together with those elected to public office to strengthen

local government.

Chief Electoral Officer of the IEC Mosotho Moepya said the country should be proud of the achievements.

First-time voter, Israel Mnisi from Soshanguve in Pretoria, said he was excited to cast his vote.

"I have long been waiting for this moment, it's exciting, now I know that I have voted for my community to get better service delivery," he said.

Another community member, who was excited about the day, was Martha Thusi from Soweto who said voting is about honouring the past and reaffirming the country's democratic future.

"I could not just sit and not vote. We might have challenges as a country but after 22 years of freedom - a lot has been done. In my area for example we have most of the basic services. We have schools, clinics, libraries and shopping malls," she said.

Her only wish was that the new councillor continues with the delivery of services.

Despite these, Thusi acknowledged that there were still challenges facing local government but was also of the view that voting is more effective than service delivery protests. **V**



### Better access to medication

Page 4




### More homes for Etwatwa community

Page 6

### ICT can help improve SA

Page 9



President Jacob Zuma casting his vote.

### Voting in numbers

- Over 73 million ballot papers were printed.
- 4 649 unique ballot papers representing political parties and independent candidates.
- A record of 200 parties and 61 014 candidates contested the Municipal Elections. This was approximately 65 percent more parties and approximately 12 percent more candidates than the previous municipal elections held in 2011.

#### ALSO AVAILABLE ON:



@VukuzenzeleNews

Vuk'uzenzele

Websites: [www.gcis.gov.za](http://www.gcis.gov.za)  
[www.vukuzenzele.gov.za](http://www.vukuzenzele.gov.za)  
 E-mail: [vukuzenzele@gcis.gov.za](mailto:vukuzenzele@gcis.gov.za)  
 Tel: (+27) 12 473 0179

**Free Copy**

# Beter toegang tot medikasie

Nonkululeko Mathebula

**S**uid-Afrikaners sal binnekort hul medikasie by OTM-tipe selfdienmasjiene kry in plaas van by apteke.

Dit is danksy 'n vennootskap tussen die Departement van Gesondheid en die organisasie Right to Care.

Hoewel dit nog nie amptelik bekend gestel is nie, is die moderne Pharmacy Dispensary Unit (PDU) reeds in werking by die Helen Joseph Hospitaal in Alexandra, Johannesburg en by die Steve Biko Hospitaal in Pretoria.

In 'n gesprek met *Vuk'uzenzele* tydens 'n besoek aan die Helen Joseph Hospitaal, het David Molele, wat robot- en toepassingsondersteuning aan die Right-e-apteek bied, gesê die masjiene sal ook administratiewe wanfunksionering verminder.

“Die stelsel, wat baie goed ontvang is deur diegene wat dit al gebruik het, het reeds

die wagtyd by staatsinstellings verminder.

“Die stelsel het ook die wagtyd vir die afhaal van medikasie laat afneem met tussen 15 en 20 minute en dit is wat ons wil hê,” het Molele gesê.

Die PDU werk soos 'n bank se OTM-masjiene. Om toegang tot hul medikasie te kry, moet pasiënte eers registreer vir die diens. Hierná

**“Die stelsel het ook die wagtyd vir die afhaal van medikasie met 15 tot 20 minute verminder.”**

kry hulle 'n kaartjie soortgelyk aan 'n bankkaart. Om hul medikasie te “onttrek”, moet pasiënte hul kaart eenvoudig in die PDU-masjiene invoer, hul PIN-nommer intik en die medikasie wat hulle benodig uit die lys van medisyne op hul voorskrif

kies.

Volgens Molele is die mikpunt om hierdie stelsel by plekke soos winkelsentrums en langs taxirotetes beskikbaar te stel sodat pasiënte maklik toegang tot hul medikasie kan kry op tye wat vir hulle gerieflik is.

Die OTM-telsel is reeds beskikbaar by Alex Plaza in Alexandra en by die Ndo-faya-winkelsentrum in Soweto, asook in Diepsloot.

Die verkryging van medisyne op hierdie manier behoort dit makliker te maak vir mense wat MIV-behandeling ontvang om hul medisyne te bekom.

In 'n toespraak by die internasionale Vigskonferensie wat onlangs in Durban gehou is, het die Minister van Gesondheid, Aaron Motsoaledi, gesê Suid-Afrika bedryf die grootste MIV-behandelingsprogram in die wêreld.

“Die aantal pasiënte op behandeling het oor drie dekades van 400 000 tot meer as 3,4



Die OTM-tipe Pharmacy Dispensary Unit sal vir pasiënte toegang tot gehalte gesondheidsorg bied.

miljoen toegeneem. Tog het die aantal gesondheidswerkers nie tred gehou met die toename nie, wat dikwels tot gefrustreerde pasiënte en 'n gebrek aan die nakoming van behandeling lei.

“Dit is dus noodsaaklik dat ons alle beskikbare maatreëls inspan om dit makliker te maak vir mense om hul behandeling voort te sit,” het Minister Motsoaledi gesê. **V**

## Versoenbare beenmurg gee hoop

Noluthando Mkhize

**L**eukemie het Sibongile Mkhwanazi (21) se lewe vyf jaar gelede drasties verander.

Sy het saam met haar ma in Kroonstad in die Vrystaat gewoon, toe haar toestand gediagnoseer is.

“My lewe het 'n ernstige wending geneem. Ek het van 'n normale tiener verander in iemand met 'n lewensbedreigende siekte.

“Ek het puisies op my gesig en hulle het begin opswel. Dit het my ma laat besluit om mediese hulp te soek. Omdat ek ook swak begin voel het en my skoolprestasie agteruitgegaan het, het ek besluit om nie meer skool toe te gaan nie.”

Nadat Mkhwanazi met leukemie gediagnoseer is, is sy ses maande lank in die hospitaal opgeneem. Gedurende hierdie tyd het sy “hopeloos” gevoel.

“Ek het gevoel ... so anders as die ander kinders by my skool en ek kon dit ook nie verdra

om te sien hoe hartseer my ma was nie.”

Duisende Suid-Afrikaners word elke jaar met leukemie gediagnoseer; dit is 'n soort bloedkanker wat voorheen as dodelik beskou is.

Deesdae word leukemie toenemend suksesvol behandel, sê dr Guni Goolab, Hoofbeampte van die Mediese Skema vir Staatsamptenare (GEMS).

Dr Goolab sê die ontwikkeling van kankermedisyne het so ver gevorder dat leukemie en ander bloedkanker nie meer as 'n doodsvonniss beskou word nie.

“Die oorlewingsyfer vir akute limfotiese leukemie, die algemene kanker onder kinders, het oor die afgelope 40 jaar van drie persent tot ongeveer 90 persent gestyg met behulp van gespesialiseerde behandeling soos beenmurgoorplantings, wat help om kankerselle uit die pasiënt se gestel te verwyder,” sê dr Goolab.

Mkhwanazi moet nog ge-

reeld medies ondersoek word, maar dokters het vir haar en haar ma hoop gegee.

“Onlangs het die dokters my meegedeel dat hulle 'n beenmurgskenker gekry het en hulle berei my liggaam nou voor vir die operasie.”

Vir die meeste leukemiepasiënte is 'n beenmurgstamsoorplanting dikwels die enigste hoop op oorlewing.

Dit is waar organisasies soos

die Sunflower-fonds baie nuttig is.

Die Sunflower-fonds is 'n nie-regeringsorganisasie, wat daartoe verbind is om die Suid-Afrikaanse Beenmurgregister uit te brei deur fondse in te samel vir weefseltiperingstoetse.

Die kans om 'n beenmurgpassing te kry is min - net een in 100 000 skenkers se beenmurg sal pas.

### Het jy geweet?

- Slegs twee teelepels bloed is nodig om jou as 'n skenker te registreer.
- Om beenmurgstamselle te skenk is nie meer pynlik as om bloed te skenk nie.
- Jy moet tussen 18 en 50 jaar oud wees en meer as 50kg weeg om 'n skenker te wees.
- Die kans om 'n skenker te kry is een uit 100 000 mense.
- Een uit elke 100 000 Suid-Afrikaners sal met leukemie gediagnoseer word.
- Leukemie is die massiewe oorproduksie van gebrekkige witbloedselle wat normale gesonde rooi- en witbloedselle, en bloedplaatjies verplaas en die liggaam verswak.

Dit is hoekom die Sunflower-fonds hulle daarvoor beywer om alle Suid-Afrikaners aan te moedig om by die Beenmurgregister aan te sluit. Om by die register aan te sluit is maklik en behels bloot die neem van 'n bloedmonster om te bepaal of jy moontlik 'n beenmurgpassing vir 'n toekomstige pasiënt kan wees.

Mkhwanazi het 'n beroep op alle Suid-Afrikaners gedoen om meer oor leukemie uit te vind en lewens te red.

“Ek wil graag 'n beroep op Suid-Afrikaners doen om kennis oor leukemie in te win sodat hulle kan help om ander mense se lewens te red.” **V**

**Vir meer inligting:  
Bel die Sunflower-  
fonds se tolvrynommer:  
0800 121 082 om 'n  
skenker te word,  
of besoek  
[www.sunflowerfund.org.za](http://www.sunflowerfund.org.za)**

\* Bykomende verslagdoening deur GEMS.

# Meer huise vir Etwatwa-gemeenskap

Nonkululeko Mathebula

**I**nwoners van Combiza Uitbreiding 35 in Etwatwa, Ekurhuleni, is nou trotse eienaars van ordentlike huise.

Die dae van in krotte en gehuurde agterkamers woon het tot 'n einde gekom toe die uitgaande uitvoerende burgemeester van die Ekurhuleni Metropolitaanse Munisipaliteit, Raadslid Mondli Gungubele, en die burgemeesterskomiteelid vir Menslike Nedersettings, Aubrey Nxumalo, 70 huise aan inwoners van die gebied oorhandig het. Gungubele het tydens die oorhandiging gesê dit is ordentlike huise wat vir die inwoners waardigheid sal gee.

“Die stad is in die proses om hierdie splinternuwe huise aan verdienstelike begunstigdes te oorhandig as deel van ons behuisingprogram.

“Ons beplan om nog 8 000

huise teen die einde van die huidige boekjaar te bou en ons moedig nuwe huiseienaars aan om hul woonbuurte skoon te hou en om nie agterplaas-plakkershutte te bou,” het hy gesê.

**“Ek kan nou rustig in my huis bly sonder om bekommerd te wees oor wat met my besittings sal gebeur as dit reën.”**

Die huise bestaan uit twee slaapkamers, een badkamer, 'n oopplankombuis en sitkamer. Die nuwe omgewing sal paaie; elektrisiteit; 'n sanitasiestelsel; ontspanningsparke; sentrums vir vroeëkindertwikkeling en toegang tot openbare vervoergeriewe, soos taxistaanplekke, bied.

Een van die begunstigdes, Petrus Mashego (45), woon die afgelope 22 jaar in 'n



**Pertunia Mnyakeni is 'n opgewonde huiseenaar. Hier is sy saam met 'n lid van die Burgemeesterskomitee, Aubrey Nxumalo (links), en die Burgemeester van Ekurhuleni, Mondli Gungubeli.**

plakkershut.

“Ek is baie gelukkig, vir my is dit nog steeds soos 'n droom. Ek kan nou rustig in my huis bly sonder om my te bekommerd oor wat met my besittings sal gebeur as dit reën,” het hy gesê.

Nxumalo het aan *Vuk'uzenzele* gesê die nuwe huise strook met die vervulling

van die Regering se mandaat.

“Toe ons in 2011 tydens die plaaslike regeringverkiesing aan bewind gekom het, het ons 'n belofte aan ons mense gemaak dat dinge sal verander en dat ons 'n beter lewe vir almal sal bou.

“Ons het vervolgens net meer as 300 huise in Combi-

za gebou en nog meer huise sal in verskillende dele van die stad gebou en oorhandig word. Dit gee voortdurend waardigheid aan ons mense,” het Nxumalo gesê.

Hy het bygevoeg dat senior burgers, mense met gestremdhede en huishoudings met kinders aan die hoof voorkeur sal geniet. **V**

# Huise vir Thoyane se mense

Thandeka Ngobese

**V**oorheen benadeelde huishoudings van die Vulamehlo Plaaslike Munisipaliteit in KwaZulu-Natal, woon nou in ordentlike huise danksy die KwaZulu-Nataalse Departement van Menslike Nedersettings.

Die behuisingprojek ter waarde van R161 miljoen vir die mense van Thoyane, is onlangs deur die LUR vir Menslike Nedersettings en Openbare Werke, Ravigasen Pillay, oorhandig. Die 1 500 huise is deel van die Regering se Omvattende Landelike Ontwikkelingsprogram, wat daarop gemik is om onderontwikkeling, voedselsekureit, werkloosheid, armoede en ander sosiale euwels wat sinoniem met die landelike gebiede geword het, te pak.

Een van die begunstigdes, Ntombizonke Maphumulo (52), het aan *Vuk'uzenzele* gesê sy is werkloos en nie in staat om vir haar gesin 'n huis te bou nie.



**Die Uitvoerende Burgemeester van die Vulamehlo-munisipaliteit, Raadslid Thabani Dube, en die LUR vir Menslike Nedersettings en Openbare Werke, Ravigasen Pillay, oorhandig 'n huis aan Ntombizonke Maphumulo.**

“Ek is 'n enkelouer met drie kinders en een kleinkind. Hulle is almal werkloos en die jongste kind is nog op skool. Ons oorleef op kindersorgtoelaes. Ons is baie dankbaar dat die Regering vir ons 'n ordentlike huis gegee het,” het sy gesê.

LUR Pillay het gesê die provinsiale regering het sedert 1994 meer as 800 000 huise gebou en het meer as 80 000 behuisingseleenthede geskep deur terreine wat met dienste toegerus is te voorsien.

“Ons weet waar ons

vandaan kom en ons is baie bewus van waarheen ons gaan. Hierdie regering het 'n plan en is daartoe verbind om toe sien dat die plan na die letter uitgevoer word,” het hy gesê.

**“Ek het altyd daarop gedroom om eendag 'n ordentlike huis te besit.”**

Hy het voorts gesê die Thoyane Landelike Behuisingprojek het die Regering

se verbintenis tot die skep van volhoubare menslike nedersettings bewys.

“Vir die volgende drie jaar tot 2019, is ons daartoe verbind om 'n miljoen behuisingseleenthede aan kwalifiserende huishoudings in stedelike en landelike nedersettings te voorsien.

“Die Vulamehlo-munisipaliteit is gereed vir belangrike opheffing rakende behuisingontwikkeling. Ons het ook 'n ander projek, naamlik die Landelike Behuisingprojek vir Vulamehlo Wyke 5 en 7. Hierdie projek, ter waarde

van R215 miljoen, sal 2 000 mense in hierdie twee wyke bevoordeel.”

Nog 'n begunstigde, Nomvula Nzimakwe (47), het aan *Vuk'uzenzele* vertel hoe haar droom uiteindelik bewaarheid geword het. “Ek het altyd gedroom om eendag 'n ordentlike huis te besit. Ek het 10 jaar lank in 'n plakkershut gewoon. As dit gereën het, het ek in water geslaap. Die dak het oral gelek. Ons bedank die Regering vir hierdie huis wat vir ons waardigheid gebring het,” het sy gesê.

Die Thoyane Landelike Behuisingprojek het ook meer as 400 werksgeleenthede geskep.

Die Uitvoerende Burgemeester van Vulamehlo, Raadslid Thabani Dube, het gesê die Regering doen sy beloftes gestand.

“Alle verdienstelike mense sal beslis huise kry. Hierdie is die eerste fase van die projek en die tweede fase is reeds op dreef, soos die LUR gesê het,” het hy bygevoeg. **V**